NAAM EN VAN			
TOELATINGSNOMMER		DATUM	

HOE BEHOORT 'N KWAGGA OP TE TREE?

Kwaggas ...

glo in hul Skepper, hulself en mede-Kwaggas;
is eerlik, opreg, nederig, betroubaar, verdraagsaam, vriendelik en netjies;
is mededeelsaam, diensbaar en dankbaar;
respekteer alle mense, eiendom en die omgewing;
is lojaal aan hul skool, gemeenskap en land;
het 'n liefdevolle omgee-hart;
is trots op hul skool, skoolvlag, skooluniform en voorkoms;
sing die skoollied en Volkslied met trots en oorgawe;
gebruik slegs keurige taalgebruik;
is hardwerkend, innoverend en toekomsgerig;
het goeie maniere, tree beskaafd op en handhaaf 'n gesonde leefstyl;
tree ordelik aan vir saal, vierkantsaal en graadlinies;
staan op en groet as volwassenes of onderwysers verbystap;
is betyds vir afsprake, lesse, oefeninge, wedstryde en optredes;
erken as hul gefouteer het, sê "jammer" en dra die gevolge met verantwoordelikheid;
beskerm nie wetsoortreders nie;
gebruik sosiale media oordeelkundig en opbouend;
plaas slegs boodskappe op sosiale media wat eties, respekvol en wettig is;
doen elke dag huiswerk;
glo in kwaliteit in alles wat hul aanpak;
is nie oneerlik in eksamens, toetse, werkopdragte of take nie;
gebruik nie elektroniese toerusting sonder toestemming nie;
steel nie en leen nie sonder toestemming nie;
is nie luidrugtig op stoepe en skoolterrein nie;
draai nie stokkies nie;
besoedel, bekrap en breek nie af nie;
hou klaskamers, badkamers en terrein skoon;
neem spontaan en met oorgawe aan skoolaktiwiteite deel;
ondersteun en toon waardering vir alle skoolaktiwiteite;
maak die pawiljoen, bane en velde skoon na wedstryde;
toon sportmanskap van die hoogste kwaliteit en wen en verloor met waardigheid;
tree vriendelik en hartlik op teenoor alle besoekers, sprekers en kunstenaars;
luister met eerbied na afkondigings;
boelie of kuberteister nie en tree nooit aggressief op nie;
sal niks doen om Outeniqua se naam in oneer te bring nie;
het supergees en Kwaggaflair;
eer hul voorgangers en gebruik die KWAGGASPOOR as anker en kompas;
leef die OUTENIQUA-DROOM;
bly Kwaggas altyd oral.

Hiermee verbind ek my vrywillig om elke dag te streef om 'n karakter met integriteit te kweek en op te tree soos 'n ware Kwagga behoort op te tree.

HANDTEKENING: ***DATUM***